



Ons Tuis: OTMT

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die gesegde lui: Oudword is nie vir sissies nie! Die skarniere word al strammer, die geheue begin disintegreer en tegnologie maak oumense nog gryser. Bejaardes is egter so deel van ons lewe dat ons hulle nie kan wegwens nie. Inteendeel, hul wysede, liefde en omgee is broodnodig vir 'n gesonde samelewing. Dit is waarom hulle versorg moet word met liefde en waardigheid.

Die NHKA (sedert 1929), asook die NHSV (sedert 1948), beywer hulle vir die versorging van bejaardes.

Die geskiedenis van Ons Tuis Riviera dateer so ver terug as 1929 toe die eerste huurhuis in Schubartstraat betrek is, onder leiding van mev Machteld Postmus, stigter van Ons Tuis. Die tehuis was later nie voldoende vir die aanvraag nie en daar moes 'n groter huis in "Zoutpansbergweg" vir inwoners gehuur word. In 1932 is grond aan Ons Tuis geskenk en deur 'n uitruiltransaksie is geboue bekom. In 1942 het die NHKA meer direk by die bestuur van Ons Tuis betrokke geraak en het die maatskappy van krag tot krag gegaan met bydraes vanuit die Kerk.

Die NHSV was een van die baanbrekers op die terrein van bejaardeversorging, veral verswakte bejaardes en bejaardes met demensie. Van Rensburgtehuis was een van die eerste inrigtings in die land vir bejaardes met demensie. Die Nasionale Kongres van 1948 het toestemming verleen vir die stigting van 'n maatskappy bekend as die Monumenttehuise. Bydraes vanuit NHSV takke was oor die jare van onskatbare waarde vir die groei van die Monumenttehuise.

Strategiese beplanning in 1994 het daartoe gelei dat die direksies van Ons Tuis en die Monumenttehuise nouer begin saamwerk het. 'n Oorkoepelende skakelkomitee tussen die twee maatskappye is gevorm en mnr Johan van Huyssteen is amptelik vanaf 1 Desember 1994 aangestel as bestuurder vir Bejaardesorg – 'n pos wat hy met onderskeiding sou beklee tot aan die einde van 2016.

Met die oog op amalgamering is reeds in 1999 'n konsep-samewerkingsooreenkoms tussen die twee maatskappye aanvaar en is 'n gesamentlike bestuurskomitee gevorm.

Die twee maatskappye het weer in 2015 strategiese beplanning gedoen, veral in die lig van veranderende omstandighede en wetgewing. Dit het gelei tot die amalgamasie van die twee maatskappye wat nou bekendstaan as Ons Tuis: OTMT.

Alhoewel die nuwe maatskappy onafhanklik funksioneer, bly dit binne die raamwerk van die Kerk se diens van barmhartigheid en word die direksie ook so saamgestel dat die bydraes van die NHSV (Monumenttehuise) sowel as dié van Ons Tuis steeds erken word.

Op 1 Mei 2018 het nog 'n nuwe fase in die nuut gestigte maatskappy se bestaan gevolg met die aanstelling van adv Jaco Bothma as Bestuurder: OTMT. Jaco is aangestel vanweë sy ervaring op talle gebiede van die samelewing. Behalwe vir die feit dat hy 'n regsgeleerde is met kundige vaardighede in die opstel van wetgewing asook die toepassing daarvan, het hy wye ervaring op nasionale en internasionale vlak van aspekte soos arbeidsverhoudinge, bestuur, strategiese beplanning, personeelontwikkeling en bemagtiging – alles tot voordeel van OTMT sodat 'n stabiele en harmonieuse omgewing geskep kan word waarbinne bejaardes veilig en geliefd kan voel.

Ds Frikkie van Wyk
Voorsitter: OTMT Direksie

Lief en leed



Die Meiring-gesin

- **Ds Annézel Meiring** (beroepafwagting) **se man, Marius**, was in 'n motorongeluk op Donderdag 25 Julie. Hy het ernstige inwendige beserings opgedoen en is na die Milpark-hospitaal se trauma-eenheid gehaas waar hy 'n noodoperasie ondergaan het. Volgens alle aanduidings was die operasie 'n sukses en Marius sterk tans goed aan. Baie sterkte aan Marius, ds Annézel en klein Anrich wat vandag (1 Augustus) sy eerste verjaardag vier.
- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Saterdag 3 Augustus: Ds DZ (David) du Plessis (emeritus/Wonderboom-Suid)
 - o Sondag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (Naboomspruit) en PS (Stephan) van Tonder (emeritus)
 - o Maandag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (Barberton)
 - o Dinsdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (emeritus)
 - o Woensdag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (emeritus/Makaros), di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus) en JAP (Johans) van Tonder (siekte-emeritaat)
 - o Donderdag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (emeritus)

Gemeentes en bediening



Ds Denise Schmidt

- **Ds D (Denise) Schmidt** van Klerksdorp-Suid (deeltyds) het die beroep na Jeffreysbaai/Port Elizabeth aanvaar.
- Die **deurkollekte van Sondag 4 Augustus** (soos dié van 28 Julie) is bestem vir die **Teologiese Opleidingsfonds**. Baie dankie aan ampsdraers en lidmate vir hul bereidwilligheid om op die betrokke Sondae iets oor die Fonds te sê en die res aan lidmate oor te laat. Gemeentes kan hul bydraes direk in die **bankrekening van die Fonds** inbetaal: ABSA Bosmanstraat; rekeningnaam Teologiese Opleidingsfonds; rekeningnommer 404 863 2649; takkode 632005.
- Die **SP Engelbrecht-museum se Facebookblad** het op 8 Julie met 'n aftelling na die AKV begin. Lesers kan deel word van die Facebookblad van die Museum en elke dag historiese brokkies oor die AKV's ontvang.
- Dankie aan almal wat reeds besoek afgelê het by die **SP Engelbrecht-museum** en afspraak gemaak het vir die res van die jaar. **Finalejaargroepe** is veral hartlik welkom. Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951.
- Die **Eendrachtkring** van emerituspredikante en predikanteweduwees hou vergadering op **Donderdag 15 Augustus om 10:00** in die kerkgebou van Gemeente Wonderboompoort en besoek daarna die Museum; hulle sluit die oggend af met sop en broodjies in die saal. **Antwoord asseblief voor 12 Augustus** by Jeanette Fourie, 082 429 1565.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** wil 'n spesiale geskenk vir oudskriba Andries Steyn en sy vrou Catharina gee. Die ou **yster-Kerkwapens** wat by die Museum te koop was, is uitverkoop. Nou hoop die kerkraad om iewers weer so 'n ou Kerkwapen te vind. Miskien is daar iemand wat so 'n Kerkwapen het en bereid is om dit aan hulle te skenk of te verkoop. Kontak ds Jan van Staden by 082 391 0883.

Vergaderings

- Donderdag 1 Augustus: Rata Finkom
- Donderdag 8 Augustus: ADV Finkom

'n Gedig

Vir my vrou

Van al my heuwels van verlang
bly jy alleen die helder hang:

vallei van stilte en verskiet
wat wilgers stoot uit my verdriet

windbreek van deernis waar ek skuil
wanneer die nanag om my huil

die laagte dorings en fontein
waar ek weer opstaan uit my pyn

om somersterk teen hierdie son
my gang te beitel uit beton.

GA Watermeyer

(Uit: *Bitter brood*, 1965)

Kerklike publikasies

- In die **Julie 2019-uitgawe** van die **NHSV se publikasie *Die Christelike Vrou*** lees ons in die redaksionele artikel *Vir almal* van dit waarsonder ons nie kan leef nie. Annette Radjoo werp meer lig op die onderwerp *Sosiale media in die kerk*. Kom lees ook oor die afgelepe byeenkoms van Dorstrandstreek wat in Windhoek plaasgevind het met 'n bywoning van 355 vroue! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/> .

- Daar is verskeie **Standaardbybels (swart, hardeband) in inheemse tale** teen R130 elk (versending uitgesluit) by die boekwinkel in Derdepoort beskikbaar: Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tshivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; en Sesotho 1989. Bestel by mev Sarie Roux, 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za.

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Nou net R100 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
en 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel by sentik@nhk.co.za

- **Ds Fanie Naudé (emeritus) se boekie *Die Name van Jesus*** is nou beskikbaar by CUM se boekwinkels, teen R160 elk. Wat beteken dit wanneer Jesus die Leeu van Juda, die Sleutel van Dawid, die Hoeksteen, die Erfgenaam en die Amen genoem word? In hierdie publikasie word 50 van die belangrikste Name verduidelik wat Jesus se familie, sy dissipels, vreemdelinge, Hyself, asook sy Vader Hom genoem het. Jesus se Name vertel ons meer van sy verhouding met sy God, die Heilige Gees en veral met ons, sy kinders.

Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za

Boekwinkel-promosie



Toerusting

- **Gemeente Swartkop: Toerusting vir Vrouedag**
Saterdag 3 Augustus 09:00-12:00
Hanna van Niekerk deel haar storie met koekkleursel en Jik
Leer hierdie fyner kuns terwyl ons pizza geniet
Irelandlaan 107, Eldoraigne
R200 per persoon
(sluit ete en alle verfmateriaal in)
Bring 'n voorskoot saam
Bespreek by Michaela info@zcib.co.za / 072 223 8314
- **Jaarlikse simposium van die Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)**
Woensdag 14 Augustus vanaf 09:00
By Gemeente Philadelphia (Let wel: Nie by Midstream nie)
Vanjaar val die fokus op Karl Barth
Sprekers: Proff Natie van Wyk en Wim Dreyer;
drr Barry van Wyk, Kobus Labuschagne en Elritia le Roux
Predikante, dosente, studente en ander belangstellendes welkom
5 VBO-punte vir predikante wat bywoon
Navrae aan dr Elritia le Roux by 072 235 6904 of elritialeroux82@gmail.com

WERKWINKEL: MULTISENSORIESE PREDIKING
Hoe om in die konteks van dalende kerkgetalle en opkomende digitale kultuur
God se Woord effektief te kommunikeer

Dr Johan Lötter en prof Pierre Jordaan
20 VBO-punte
Hervormde Gemeente Pretoria-Oos
Donderdag 29 Augustus 08:30-16:00
Verversings, middagete,
5 preeksetse en leesmateriaal
R750 voor of op 24 Augustus
(laatbesprekings R800)
Hervormde predikante ontvang na die kursus R250 subsidie
Bevestig by jlotter@carfone.net met bewys van betaling
Maksimum 30 inskrywings – reageer betyds!

Bankbesonderhede:
WJ Lötter, FNB Spaar, tak Parys, rekeningnommer 6251 3554 891
Volg ons op Facebook by PREEKSKOOL



Barmhartigheid

- **ADV Rampfonds: Droogtehelp aan die Noord-Kaap.** Die droogte in die omgewing van Calvinia en Williston in die Noord-Kaap is kritiek. Die ADV het 'n versoek om hulp ontvang, en besluit om deur die Rampfonds betrokke te wees. In die proses vat ons hande met 'n **inisiatief uit die Delmas-omgewing** waar 'n vragmotor met 20 ton voer na hierdie gebied gestuur sal word. Hiermee vra ons enige gemeente of gelowige wat 'n bydrae wil lewer, om die inisiatief te ondersteun. Die bydraes kan in die volgende **bankrekening** inbetaal word: Raad van Finansies, ABSA tjekrekening, rekeningnommer 020 000 287, takkode 632005, verwysing 16RAMP + gemeentenaam. Daar is ook belastingvrystelling (Artikel 18A) beskikbaar vir besighede of individue wat 'n bydrae maak. Dit werk deur die **ADV se nie-winsgewende maatskappy Plesion**. Indien u hierin belangstel, moet u betaling nie in bogenoemde rekening inbetaal word nie, maar wel in dié van Plesion. Kontak ds Gerhard Stoltz by gerhard@diakens.co.za vir die nodige inligting.
- Die Sondag net na Loslitdag (Vrydag 6 September) vra die NHKA se diakonaat vir 'n spesiale deurkollekte ten bate van die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)**. Die geskeduleerde datum is dus **8 September** (hoewel gemeentes 'n ander datum kan kies). TOIBO se missie is om **leerders met spesiale onderwysbehoefte** in staat te stel om hul potensiaal te verwesenlik in elk van die vyf buitengewone skole met 'n Christelike etos (<https://toibo.org.za/?lang=af>). Die fondse wat ingesamel word, word uitsluitlik gebruik om kinders met gestremdhede te help om 'n hoë kwaliteit skoolopvoeding te kry. Dit sluit ook in dat noodsaaklike behoeftes soos klere, toiletbenodigdhede, kos, ensovoorts, vir behoeftige kinders met gestremdhede aandag kry.

- Die **ADV se tema** vir vanjaar is **Laat ons lig skyn** (vgl Matt 5: 14-16). Die volgende inisiatiewe word beplan:
 - o Die ADV gaan 'n aantal **klein flitsies** beskikbaar stel @ R50 elk, om die tema prakties uit te beeld.
 - o 'n Groot byeenkoms word beplan vir **Sondagaand 8 September** by **Gemeente Pretoria-Oos**. Alle gelowiges in en om Pretoria word uitgenooi. Die **Transoranjeskool vir Dowes se Gebaretaalkoor** gaan onder andere optree, terwyl die flitsies ook beskikbaar sal wees.
 - o Ander gemeentes, gemeenskappe en ringe word aangemoedig om 'n **soortgelyke gesamentlike byeenkoms** te reël. Aangesien die drie susterkerke gesamentlik die stigters van TOIBO was, is dit 'n ideale geleentheid om saam te werk.
 - o Die **Gebaretaalkoor van Transoranje** tree die oggend van **8 September** op by **Gemeente Randburg**.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Konserte en feeste

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria** bied op **Sondag 4 Augustus om 15:00** 'n **konsert aan ten bate van hul orrelfonds**. Kunstenaars wat gaan optree, is Johan van Zyl (orrel), Hendrik Fourie (sang) en SingFonix (kategorieewenners by verlede jaar se koorolimpiade). Daar sal donasies opgeneem word. Navrae aan Johanna Scholtz by hervormdekerknwpretoria@gmail.com.
- **Gemeente Noordwestelike Pretoria** bied in samewerking met Laerskool Hermanstad 'n **Manie Jackson-buitelugkonsert** aan op **Donderdag 22 Augustus om 19:00** op Laerskool Hermanstad se A-rugbyveld. Veilige parking @ R10. Daar is 'n voorvertoning en snuffelstalletjies. Heerlike eet- en drinkgoed word te koop aangebied. Bring eie kampstoel of kombes. Toegang R50 per persoon. Kontak Johanna Scholtz by 060 577 6458 of 082 928 5592, of Frikkie Boshoff by 083 320 0739.

Fondsinsamelings

- **Slaan af vir Bybels.** Wil jy jou voorgee verbeter? Sluit op **Vrydag 2 Augustus** aan by ander spelers en slaan af vir Bybels by die **Bluff-gholfklub**. Die inskrywingsgeld is R300 en sluit aandete en baanfooie in. Jy is welkom om jou eie span saam te stel. Jy kan ook 'n gaatjie borg of 'n donasie maak ten bate van Bybelverspreiding. Vir meer inligting, kontak Hermien Cilliers by 031 207 4933, WhatsApp 067 834 5748 of cilliers@biblesociety.co.za.
- **Motorfietse brul vir Bybels.** Motorfietsryers word genooi om saam te ry in 'n *Bible Run* op **Sondag 18 Augustus in Bloemfontein**. Dit is die sesde keer dat die rit plaasvind en dit sal weer by Naval Hill begin. Die fietsoptog sal ry na die Bikers Church, langs die Tempelughawe, waar Leon Ferreira 'n spesiale diens sal lei. Om te bespreek of vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.
- **Rata: Drive for a Child Masters**
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
R5 000 vir 'n 4-bal plus putjeborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Basaars en markte

- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
Saterdag 3 Augustus
Vanaf 08:00 tot laat by die Tuinhekkie (Elandsvlei)
Vars vleis teen bekostigbare pryse
Baie pret en speletjies vir die kinders
Demonstrasies van skaapskeer, koeimelk, sweepklap, slag, seepmaak, ens
Kom kyk hoe word vee vir die mark voorberei
Skryf jou span in vir 'n toutrekkompetisie
Of geniet net die kuier en heerlike kos
Vermaak deur Ampie, Anton Botha, Tanya V, Evert Swart en baie ander
Skakel 082 364 8576 of besoek *SionspoortVleis* op Facebook
- **Gemeente Silverton: Basaar**
Saterdag 3 Augustus vanaf 08:00 solank voorraad hou
By kerksaal, hv Fakkell- en Presidentstraat, Silverton
Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies, pannekoek, nagereg, koek...
Vermaak en baie meer
Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
Hannie Knoll 079 603 6555
- **Gemeente Montana-Oos: Delwersbasaar**
Saterdag 3 Augustus
By die kerk – Kameeldriftweg, Derdepoort/Kameeldrift-Oos
Kom geniet basaarpoeding, pannekoek, kerrie-en-rys, potjiekos en baie meer
Witolifanttafel, veiling en vermaak
Kom delf vir die kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 500
Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R25 elk
Delf Saterdag tussen 09:00 en 12:00 vir 'n prys
Navrae: Jan Muller 083 267 6499 of ds Frikkie van Wyk 083 625 6788
- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
Navrae: rudi.jansevanrensburg@gmail.com

- **Gemeente Rustenburg-Suid: Willerste Noordweste Lentefees**
Kockstraat 153, Rustenburg
Dans: Vrydag 30 Augustus, hekke open 18:00
R50 (laerskoolkinders gratis)
Braaipakkies en verversings te koop
Vure, pap-en-sous word voorsien
Bring eie stoel en eetgerei
Familiefees: Saterdag 31 Augustus vanaf 08:00
Gratis toegang
Reusepretpark vir kinders met spookhuis, springkasteel en meer
Pap-en-kaiings, boerbrood, koeksisters, boerewors, kerrie-en-rys...
Vleissnitte, gebak
Kaartfasiliteite beskikbaar
Navrae 014 592 2364
- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, laat ons die geur van u lieflike teenwoordigheid versprei, oral waar ons gaan.
Versadig ons gees met u liefde en lig.
Deurdring ons lewe so volkome met die glans van u lig dat dié wat met ons in aanraking kom, bewus mag word van u warmte en heil.
Laat hulle wat in die skadu's lewe, na ons kyk en net vir Jesus sien!
Bly so naby aan ons dat ons lewe soos U s'n sal begin skyn.
Ons vra nie dat die lig op óns val nie, liewe Here, maar dat dit déúr ons op ander sal skyn.

John Henry Newman

(Na 'n gebed wat deur Moeder Teresa van Kalkutta gebruik is)
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)